



CAPTAN 800 WG

BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY										
VERWYS NA BESONDERHEDE SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT Lotnommer Datum van vervaardiging	CAPTAN 800 WG									
	FUNGICIDE									
	Reg. No. L9249, Act/Wet No. 36 of/van 1947 Nambian Reg. No. N-AR 2180									
REFER TO DETAILS AS PRINTED ON CONTAINER / BAG DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED Batch Number Date of manufacture	1: 28/05/2013									
	A water dispersible granule contact fungicide for the control of diseases on crops as listed.									
	'n Waterdispergeerbare korrel kontak swamdoder vir die beheer van siektes op gewasse soos aangedui.									
	<table border="1"><thead><tr><th>FRAC FUNGICIDE GROUP CODE</th><th>M4</th><th>FRAC SWAMDODERGROEPKODE</th></tr></thead><tbody><tr><td colspan="3">ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL</td></tr><tr><td>Captan (phthalimide)</td><td>800 g/kg</td><td>Kaptan (ptalimied)</td></tr></tbody></table>		FRAC FUNGICIDE GROUP CODE	M4	FRAC SWAMDODERGROEPKODE	ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL			Captan (phthalimide)	800 g/kg
FRAC FUNGICIDE GROUP CODE	M4	FRAC SWAMDODERGROEPKODE								
ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL										
Captan (phthalimide)	800 g/kg	Kaptan (ptalimied)								
Registration Holder / Registrasiehouer Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk. Reg. No. 2000/010819/07 P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid-Afrika										
10kg										
UN Number: 3077										
CAUTION / VERSIGTIG										

WARNINGS

Allow the following number of days between last treatment and harvest or use as food or feed:

Apples and Pears.....	14 days
Peaches.....	14 days
Potatoes.....	14 days
Table grapes.....	4 – 6 weeks
Tomatoes.....	7 days

IMPORTANT: The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements, but may not meet export requirements.

- Toxic to fish.
- Store in a cool place.
- Store away from food, feed, fertilizer and other agricultural products.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Re-entry** – Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not inhale dust, fumes or spray mist.
- Avoid skin and eye contact by wearing protective clothing when mixing the product. Should eye contact occur, flush with plenty of water and get medical attention if necessary.
- Wash with soap and water after use and accidental skin contact as well as contaminated clothing.
- Wash contaminated clothing after use.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing hands and face.
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean applicator after use. Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.
- Destroy the empty container and do not use the empty container for any other purpose.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **CAPTAN 800WG** is a group code M4 fungicide. Any fungi population may contain individuals naturally resistant to **CAPTAN 800WG** and other group code M4 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the disease population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **CAPTAN 800WG** or any other group code M4 fungicide.

To delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different fungicide group codes.
- A spray programme of mixtures or alternations with remedies with a different mode of action may delay resistant strain build-up.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

Since the occurrence of resistance cannot be forecast, users are advised to keep treated crops under close observation. If treatment is not effective following the use of **CAPTAN 800WG** as recommended, a resistant strain may be present. If a resistant strain is positively identified, consideration should be given to prompt use of a fungicide with a different mode of action for which there is no record of resistance to the relevant disease.

USE RESTRICTIONS

- **CAPTAN 800WG** must not be applied to any crop suffering from stress as a result of drought, water logging, low temperature, insect attack, nutrient or lime deficiency or other factors reducing crop growth.
- Spray programmes with **CAPTAN 800WG** should commence before disease/s become established.
- In table grapes, do not apply after berries have reached pea size as this may cause tarnishing.
- Do not apply **CAPTAN 800WG** to any crop or situation not mentioned in this instruction leaflet.
- Only apply **CAPTAN 800WG** using an accurate and safe application technique.
- If **CAPTAN 800WG** is used in a tank mix with other recommended products, consideration should be given to the restrictions of those respective products.
- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed

MIXING INSTRUCTIONS

Mix the required quantity of **CAPTAN 800WG** with a small volume of water into a slurry. Half-fill the spray tank with suitable water, then add the premix to the water in the tank while agitating. Fill the spray tank to the desired volume. Should tank mixtures with other products be made, follow the respective manufacturers' label recommendations. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank.** Spraying equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.

COMPATIBILITY

The compatibility of **CAPTAN 800WG** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. **CAPTAN 800WG** is compatible with most non-alkaline agricultural remedies normally used.

APPLICATION METHODS

Ensure that the equipment is correctly calibrated and is checked regularly during application to ensure even and accurate application. **CAPTAN 800WG** can be applied with conventional high volume spray equipment. **Constant agitation throughout the spray operation is essential.** Only clean water should be used. If rain occurs within two hours after treatment, the product performance may be affected and the application must be repeated.

RECOMMENDATIONS

SITUATION	APPLICATION RATE/HA	REMARKS
Potatoes Late blight (<i>Phytophthora infestans</i>)	1,25 – 2,0 kg/ha	Commence spraying before disease is due to appear. Use the higher dosage rate for big plants and/or when infection is severe. Use at the higher rate and at shorter intervals when infection pressure increases. Apply during period of active growth of plant as a high volume, full cover spray. Depending on the plant size, apply in 300 – 500 ℓ water per ha. Apply in a programme and use sufficient spray mixture to obtain adequate coverage.
Tomatoes Late blight (<i>Phytophthora infestans</i>)	125 g / 100 ℓ water	Seedbeds: Spray twice per week Lands: Commence before disease is due to appear. Apply in sufficient water volume to ensure adequate coverage.
Apples and Pears Scab	125 g / 100 ℓ water	Pre-blossom: Commence at green tip stage and repeat at 7 day intervals. Post-blossom: Continue with 3 – 4 sprays every 10 – 14 days depending on weather conditions. Leaf spotting may result on certain sensitive apple cultivars.
Peaches (Freckle)	125 g / 100 ℓ water	Apply at full blossom, 2 weeks later and 3 weeks after second spray.
Table grapes Anthracnose	125 g / 100 ℓ water	Apply to young re-growth and bunches. Repeat 10 – 14 day intervals up to pea-berry stage. Do not use on wine grapes.
Roses Black spot	125 g / 100 ℓ water	Start spraying at first signs of infection and repeat every 7 – 10 days.
Turf Fairy ring, dollar spot and other leaf crown and root diseases	200 g / 100 ℓ water / 50 m ²	Spray at first signs of infection.

WAARSKUWINGS

Laat die volgende aantal dae toe tussen laaste toediening en oes of vir die gebruik as voedsel of voer:

Appels and Pere.....	14 dae
Perskes.....	14 dae
Aartappels.....	14 dae
Tafeldruiwe.....	4 – 6 weke
Tamaties.....	7 dae

BELANGRIK: Die aanbevole onthoudingsperiode tussen laaste toediening en oes voldoen aan die vereistes vir plaaslike residuvlakke maar mag dalk nie voldoen aan die vereistes vir uitvoer nie.

- Giftig vir visse.
- Berg in 'n koel plek.
- Berg weg van voedsel, voer, kunsmis en ander landbouprodukte.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetreding** - Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en effek daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim deur die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Moet nie die stof, dampe of spuitnewel inasem nie.
- Vermyn vel- en oogkontak deur beskermende klere te dra wanneer die produk gemeng word. Indien in oogkontak gebeur, spoel uit met water en verkry mediese hulp indien nodig.
- Was met seep en water na gebruik en toevallige velkontak asook die besoedelde klere.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat die hande en gesig gewas is nie.
- Vermyn spuitnewel op ander gewasse, weiding, riviere, damme en areas wat nie onder behandeling is nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Gooi die spoelwater weg waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en boorgate sal besoedel nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Vernietig die leë houer en moet nie die leë houer vir enige ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur, is **CAPTAN 800WG** 'n Groepkode M4 swamdoder. Enige swampopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **CAPTAN 800WG** of enige ander Groepkode M4 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie

oorheers. Hierdie weerstandswamme sal waarskynlik nie deur **CAPTAN 800WG** of enige ander Groepkode M4 swamdoder, beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermyn die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende swamdodergroepcodes.
- 'n Suijprogram of tenkmengsels met middels met 'n ander metode van werking kan die opbou van weerstandbiedendheid vertraag.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoderprogramme

Aangesien die voorkoms van weerstandbiedendheid moeilik is om te bepaal, is dit uiters belangrik om die behandelde gewasse noukeurig te ondersoek. Indien die behandeling nie effektief was met die gebruik van **CAPTAN 800WG** soos voorgeskryf nie, mag daar 'n weerstandbiedende-populasie teenwoordig wees. Indien so 'n weerstandbiedende-populasie positief geïdentifiseer word, moet daar onmiddellik 'n swamdoderbespuiting wat 'n ander werkswyse het, waar daar geen bewys van weerstand teen die siekte voorkom, gedoen word.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- **CAPTAN 800WG** moet nie toegedien word op gewasse wat aan stres ly as gevolg van droogte, versuiping, lae temperatuur, insekskade, voedings- of kalktekorte of ander faktore wat die gewas se groei sal vertraag nie.
- Begin suijsprogramme met **CAPTAN 800WG** voordat die siekte(s) posvat.
- By tafeldruif, moet nie na ertjekorrelstadium toedien nie, aangesien dit tot verkleuring kan lei.
- Moet nie **CAPTAN 800WG** toedien op enige gewas of situasie wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Dien **CAPTAN 800WG** slegs toe met behulp van akkurate en veilige toedieningstegnieke.
- As **CAPTAN 800WG** in 'n tenkmengsel met ander aanbevole produkte gebruik word, moet aandag geskenk word aan die beperkings van daardie betrokke produkte.
- Moet nie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsels toedien met enige ander produk of landboumiddel wat nie spesifiek op die etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui

MENGINSTRUKSIES

Meng die aanbevole hoeveelheid **CAPTAN 800WG** met 'n bietjie water tot 'n dik room. Maak die spuitenk halfvol met skoon water, en voeg die room by die water in die tenk terwyl geroer word. Vul die tenk tot die verlangde volume. Indien tenkmengsels gemaak word met ander produkte, volg die betrokke vervaardiger se etiketaanbevelings. **Tenkmengsels moet onmiddellik uitgesuij word en nie toegelaat om in die spuitenk te staan nie.** Suijtoerusting moet deeglik uitgespoel word aan die einde van die toedieningproses.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **CAPTAN 800WG** met ander produkte hang van die formulerings van die betrokke produkte af, asook van die kwaliteit van die spuitwater. Aangesien formulerings van tyd tot tyd verander word dit aanbeveel dat 'n fisiese verenigbaarheidstoets uitgevoer word voordat die tenkmengsel gemaak word. **CAPTAN 800WG** is met die meeste nie-alkaliese produkte wat gewoonlik gebruik word verenigbaar.

TOEDIENINGSMETODES

Verseker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gereeld gedurende toediening nagegaan word om 'n egalige en akkurate toediening te verseker. **CAPTAN 800WG** kan toegedien word met konvensionele hoë-volume toerusting. **Konstante roering deur die hele spuitoperasie is noodsaaklik.** Slegs skoon water moet gebruik word. Indien reën binne twee ure na die behandeling voorkom, kan dit die produk se werking beïnvloed en moet die bespuiting herhaal word.

AANBEVELINGS

GEWAS / PLAAG	DOSIS/HA	OPMERKINGS
Aartappels Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>)	1,25 – 2,0 kg/ha	Begin met toedienings voordat die siekte verskyn. Gebruik die hoër dosis vir groter plante en/of wanneer infeksiedruk ernstig is. Gebruik die hoër dosis met korter intervale indien siektedruk toeneem. Dien toe as 'n hoë-volume, voldekbespuiting gedurende die aktiewe groeiperiode van die plant. Afhangende van die grootte van die plante, dien in 300-500 l water per ha toe. Dien toe in 'n spuitprogram en gebruik genoegsame spuitmengsel om goeie bedekking te verkry.
Tamaties Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>)	125 g /100l water	Saadbeddings: Spuit twee-keer per week Lande: Begin met bespuitings voordat die siektes verskyn. Gebruik genoeg watervolume om voldoende bedekking te verseker.
Appels en Pere Skurfsiekte	125 g /100l water	Voor-blom: Begin by die groenpuntstadium en herhaal met 7 dae tussenposes. Na-blom: Gaan voort met 3 - 4 toedienings afhangende van weerstoestande met 10 - 14 dae tussenposes. CAPTAN 800WG mag blaarvlekke op sekere sensitiewe appelkultivars veroorsaak.
Perskes Sproetsiekte	125 g /100l water	Dien toe by volblom, 2 weke later en 3 weke na die tweede bespuiting.
Tafeldruiwe Antraknose	125 g /100l water	Dien toe op jong lote en trosse. Herhaal met tussenposes van 10 - 14 dae tot by die ertjekorrelstadium. Moet nie op wyndruiwe gebruik nie.
Rose Swartvlek	125 g /100l water	Begin bespuiting wanneer eerste tekens van infeksie verskyn en herhaal elke 7 – 10 dae.
Turf Heksering, dollarvlek en ander blaar-, kroon- en wortelsiektes	200 g /100l water/50m ²	Spuit sodra die eerste tekens van die infeksies opgemerk word.